# WAT DOEN AFRIFORUM
## EN ONS ENTITEITE VIR SKOLE?

’N GIDS MET INLIGTING OOR FOKUSAREAS, AKSIES, PROJEKTE EN PRODUKTE WAARBY ENIGE SKOOL KAN BAAT

2025

AfriForum



# INHOUDSOPGAWE BLADSY


Inleiding ........................................ 4

Nuusbrief ........................................ 5

Die beskerming van hoëgehalte- Afrikaanse onderrig ........................................ 6

AfriForum Jeug ........................................ 7

AfriForum se kaartjieverkopestelsel ........................................ 9

AfriForum Sakenetwerk ........................................ 10

AfriForum Teater ........................................ 12

AfriForumTV ........................................ 14

Besigheidsbytjies- en Juniorpreneurskompetisie ........................................ 15

Die Val ........................................ 16

Die Dink of Sink-onvoorbereideskoledebatskompetisie ........................................ 17

Munisipale sake ........................................ 19

Omgewingsake ........................................ 20

Rampbestuurbeplanning ........................................ 22

Teenboelieveldtog ........................................ 23

Veiligheidsoudits ........................................ 24

MSW Ondersteuningsdienste (Edms.) Bpk ........................................ 25

# INLEIDING

**AfriForum is 'n burgerregteorganisasie wat bestaan om Afrikanergemeenskappe te organiseer en in 'n dinamiese netwerk saam te snoer. Sodoende kan latente gemeenskapkrag ontsluit en gemobiliseer word om bestaande werklikhede te beïnvloed en selfstandigheid te bewerkstellig. Op dié wyse kan 'n vry, veilige en voorspoedige toekoms vir Afrikaners aan die suidpunt van Afrika verseker word, terwyl daar terselfdertyd brûe na ander gemeenskappe gebou word op 'n grondslag van wedersydse erkenning en respek.**

## Visie

AfriForum se visie is dat Afrikaners – wat geen ander tuiste ken nie – sinvol as Afrikaners in vreedsame naasbestaan met ander gemeenskappe blywend vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika kan voortbestaan.

## Missie

AfriForum se missie is om te verseker dat daar aan die basiese voorwaardes vir die voortbestaan van Afrikaners voldoen word deur as 'n geloofwaardige Afrikanerbelangeorganisasie en burgerregtewaghond – wat deel van die Solidariteit Beweging vorm – buite die werksplek op internasionale, nasionale en plaaslike vlak die impak van die huidige politieke werklikhede op Afrikaners te hanteer en te probeer beïnvloed, terwyl daar terselfdertyd gewerk word om volhoubare strukture te vestig waardeur Afrikaners selfstandig hul eie voortbestaan kan verseker.

## AfriForum se fokus op Afrikaanse onderrig

Onderrig is die sleutel tot die toekoms van Afrikaners. Die behoud van uitnemende Afrikaanse onderriginstellings – van voorskoolse tot op tersiêre vlak – deur die beskerming van alle faktore wat moedertaal- en hoëgehalteonderrig moontlik maak, is dus 'n prioriteit. Dit sluit 'n wye spektrum van dienste aan skole in, waaroor ons meer in hierdie gids uitwei.

AfriForum skakel en werk deurentyd met ander rolspelers in die land saam op die terrein van onderwys. Ons glo nie aan uitsluiting nie, maar juis aan die bou van netwerke in AfriForum, die Solidariteit Beweging (waarvan AfriForum deel is), die Afrikaanse gemeenskap, en die breër nasionale en internasionale onderwysgemeenskap.

Alle soorte onderrig is belangrik, maar AfriForum fokus veral op skole omdat dit die hartklop van ons gemeenskappe vorm.

In woonbuurte en kleiner dorpe beleef ons dikwels dat daar 'n uittog van inwoners is as die plaaslike skool om watter rede ook al swakker onderrig begin aanbied. Dit het 'n kettingreaksie tot gevolg, wat groter veiligheidsrisiko's vir die oorblywende inwoners en die sluiting van sakeondernemings insluit. Die voortbestaan van gesonde, funksionele skole is dus van sleutelbelang sodat gemeenskappe kan gedy.

Verskeie bronne bevestig dat sowat 80% van die skole in die land wanfunksioneel is. Dié skole moet sover moontlik hulp kry om te verbeter. Dit is egter nog belangriker dat die oorblywende 20% ondersteun word om te voorkom dat hulle óók in die spiraal van agteruitgang beland. Ons is dit aan ons nageslag verskuldig.

Beperkte hulpbronne het tot gevolg dat AfriForum hulp aan Afrikaanse skole prioritiseer, maar ons dienste is beslis nie net tot dié skole beperk nie. Jy kan enige navrae oor spesifieke dienste aan die verantwoordelike persone rig wat in dié gids aangedui word. Algemene navrae kan aan onderwys@afriforum.co.za gerig word.

AfriForum wil ten slotte 'n woord van dank en waardering uitspreek teenoor die vele skole wat uitnemende onderrig aanbied en ons kinders met kennis en lewensvaardighede vir die toekoms toerus. Ons bid julle seën met jul werksaamhede toe en sien daarna uit om in die toekoms nog nouer saam te werk.

# NUUSBRIEF

**AfriForum se elektroniese onderwysnuusbrief, *Onderwys onder oë,* is 'n inisiatief van AfriForum se kultuursakeafdeling.**

## Doelstellings

Dit is belangrik om die publiek ingelig te hou oor sake wat met skoolonderrig verband hou, maar ook om skole bewus te maak van geleenthede waar hulle met ons kan saamwerk.

Dié nuusbrief deel daarom maandeliks die jongste inligting oor algemene onderwyssake met ons lesers, asook oor projekte en veldtogte by AfriForum wat spesifiek op skole betrekking het. Dit bied ook interessante meningstukke en inligting oor ander instellings van die Solidariteit Beweging aan, asook van ander netwerke soos Afrikaans.com, wat bydraes tot Afrikaanse onderrig in skole lewer.

Teken vandag nog in as jy dit nie reeds ontvang nie. Dit is gratis en word per e-pos versprei.

### Kontakbesonderhede

Teken in op die nuusbrief deur 'n e-pos te stuur na onderwys@afriforum.co.za of carien.bloem@afriforum.co.za.

# DIE BESKERMING VAN HOËGEHALTE- AFRIKAANSE ONDERRIG

**AfriForum se onderwysafdeling is deel van AfriForum se oorhoofse kultuursakeafdeling.**

## Doelstellings en aksies

Een van die vernaamste ontstaans- en bestaansredes van AfriForum is om gehalte-Afrikaanse moedertaalonderrig te beskerm en te bevorder.

Aan die een kant beteken dit dat bewusmaking gedoen word om skoolgemeenskappe in te lig oor hul regte en van wat hulle te doen staan wanneer dié regte bedreig word. Dit sluit onder meer die reg van ’n skoolbeheerliggaam in om te besluit oor die etos, taalbeleid en toelatingsbeleid van hul skool. In dié verband het AfriForum byvoorbeeld al sedert 2017 aksies teen die sogenaamde Wysingswet op Wette op Basiese Onderwys (Bela-wet) gevoer. Aansluitend sorg ons dat ons so ver moontlik aan ouers kennis gee wanneer skoolbeheerliggaamverkiesings voorlê, sodat hulle hulself verkiesbaar kan stel en aan die verkiesings kan deelneem. Ons verleen ook hulp aan skole sodat probleme met die provinsies se onderskeie skoleplasingsprosesse betyds opgelos kan word.

Die beste vorm van onderrig vir kinders bly moedertaalonderrig wat vir so lank as moontlik volgehou word.

Om dié rede maak AfriForum deurentyd voorspraak vir die noodsaak van Afrikaanse moedertaalonderrig. Ongelukkig is Afrikaanse onderrig voortdurend in die regering se spervuur.

Hierdie aanhoudende aanvalle, tesame met die globalisasiedruk van Engels, laat sommige Afrikaanse ouers verkeerdelik glo dat Engelse onderrig hul kinders meer sal bevoordeel as Afrikaanse onderrig. Ons moet dus ook teen sulke drogredenasies standpunt inneem en die owerhede bewus maak daarvan dat toegang tot Afrikaanse onderrig ’n reg is. Ons gebruik hulpmiddels soos akademiese byeenkomste, video’s, meningstukke deur nasionale en internasionale deskundiges en selfs ’n animasievideo om volwassenes en leerders oor die noodsaak van moedertaalonderrig in te lig.

Soms is bewusmaking en standpuntinname nie voldoende nie, en dan tree AfriForum tot regsaksie teen onderwysregsvergrype toe. Dit sluit sake in teen die wederregtelike verandering van skole se taalbeleid, interdikte teen protesaksie en geweldpleging by skole, ’n jarelange hofsaak oor godsdiens in skole, betrokkenheid by aksies teen die verandering van skole se name, plasingsprosesprobleme en, meer onlangs, ook optrede teen die sogenaamde tweelingvorming (Engels: *twinning*) van skole in Gauteng.

Kontak ons gerus as jy graag meer oor ons bewusmakingsaksies wil weet of probleme ondervind wat regsadvies oor ’n onderwyssaak noodsaak.

### Kontakbesonderhede

**E-posadres:** onderwys@afriforum.co.za
**Sosiale media:** Inligting oor AfriForum se aksies om onderwysregte te bevorder en te beskerm is beskikbaar in die onderwysnuusbrief, asook op AfriForum se Facebook-, X-, TikTok-, YouTube- en Instagram-profiel**.**
**Animasievideo:** https://www.youtube.com/watch?v=IuNtQLEBh7Q

# AFRIFORUM JEUG

**AfriForum Jeug is deel van AfriForum se gemeenskapsake-afdeling en werk nou met AfriForum se nasionale takstrukture saam om jeugtakke te stig wat parallel is met hierdie strukture om jongmense só aan die organisasie bekend te stel.**

## Doelstellings en aksies

Ons jeug is die hoopskeppers van die toekoms! AfriForum Jeug se visie is om 'n veilige plek te skep waar jong Afrikaners met selfvertroue kan saamkom, mekaar ondersteun en groei – waar hulle hulself kan wees, hul kultuur en waardes kan uitleef en 'n toekoms kan bou wat hul drome weerspieël.

Ons streef daarna om veilige bymekaarkomplekke op kampusse en in dorpe te vestig waar jong Afrikaners met selfvertroue kan leer, leef en blywende vriendskappe bou. AfriForum Jeug wil jongmense bemagtig om met selfvertroue hul toekoms in eie hande te neem – om op te staan vir wat reg is, nuwe vaardighede aan te leer en aktief by hul gemeenskappe betrokke te wees. By AfriForum Jeug beywer ons ons daarvoor om trots op Afrikaanse tradisies en kultuur asook op Christelike waardes te bou. Ons moedig samewerking en goeie verhoudings met ander gemeenskappe en kultuurgroepe aan om 'n inklusiewe en sterk toekoms vir almal te bou.

Ons fokus op sport-, sosiale en ontwikkelingsaksies. Ons lê ook sterk klem daarop dat jeugleiers in hul gemeenskappe moet betrokke raak, eienaarskap moet neem van hul omstandighede en saam met AfriForum-takke werk om hul gemeenskappe veilig, skoon en netjies te hou. Hier is 'n paar landwye aksies wat ons graag uitlig:

- Jeugkongres – AfriForum Jeug hou jaarliks 'n jeugkongres waarheen ons jeugleiers van reg oor Suid-Afrika nooi. Dié naweeklange kongres fokus op persoonlike ontwikkeling, die uitbou van ons takstukture en ook beplanning vir die komende jaar se aksies.
- Toekomsskeppersfunksie – AfriForum Jeug wil graag in die leiers van môre belê om hulle vroeg bloot te stel aan die verskil wat hulle kan maak. Daarom hou ons 'n toekomsskeppersfunksie waarheen ons leiers van topskole uitnooi na 'n oggend waar hulle kan leer en netwerke kan bou. By hierdie funksies fokus ons spesifiek op die leerders se ontwikkeling deur sprekers te kry wat goed by leerders aanklank vind om te kom gesels oor uitdagings wat op hulle van toepassing is.
- Mentorskapprogram – Vanjaar kies ons 'n paar jong uitskieters om deel te vorm van AfriForum Jeug se weeklange mentorskapprogram. Tydens hierdie mentorskapprogram ondergaan die vrywilligers 'n week van skaduwerk by AfriForum, waar hulle hand bysit met daaglikse take wat in AfriForum en by AfriForum se strukture verrig word.
- Kampustakke – Dit is vir ons belangrik dat studente se stemme gehoor word. Daarom het dit vir AfriForum Jeug 'n doelwit geword om studente te bemagtig sodat hulle suksesvol in leierstrukture





by verskeie universiteite reg oor Suid-Afrika kan staan. Dit is ook duidelik dat veiligheid op kampusse onmiddellike ingryping verg; daarom fokus ons ook om veiligheidstrukture te vestig sodat studente saam kan werk om hul omgewing te beveilig.

AfriForum Jeug bou saam met jongmense aan ’n beter toekoms – een wat gegrond is op tradisie, selfstandigheid en hoop. As ons dit nie self gaan doen nie, gaan dit nie gebeur nie. Daarom neem ons eienaarskap van ons toekoms.

### Kontakbesonderhede

**Webtuiste:** www.afriforumjeug.co.za
**E-posadres**: jeug@afriforum.co.za
**Telefoonnommer:** 086 10 200 30
**Sosiale media:** AfriForum Jeug is ook beskikbaar op Facebook, X, Instagram, YouTube en TikTok.











# AFRIFORUM SE KAARTJIEVERKOPESTELSEL

**Kaartjies.co.za is 'n toonaangewende kaartjieverkoopsplatform wat reeds met groot vertroue in die Suid-Afrikaanse mark spog. Dié platform maak dit makliker as ooit om kaartjies vir jou skool-, sport- en gemeenskapsgeleenthede aanlyn te bestuur en te verkoop.**

Die stelsel word al deur verskeie instellings gebruik en het in die afgelope paar jaar meer as 50 000 kaartjies aan meer as 15 000 kliënte verkoop. Dit bevestig die platform se vermoë om selfs groot geleenthede doeltreffend te ondersteun en te help om van jou byeenkoms 'n sukses te maak.

Maak daarom met vrug gebruik van Kaartjies.co.za om jou skoolbestuur en onderwysers te ondersteun met die verkoop van kaartjies vir uiteenlopende skoolgeleenthede.

**Waarom Kaartjies.co.za ideaal is:**

- **Datagehalte en -sekuriteit**
  Die platform verseker dat al jou data akkuraat en veilig gestoor word. Dit beteken minder administratiewe hoofbrekens en meer tyd om te fokus op wat regtig saak maak.
- **Gebruikersvriendelike koopproses**
  Met Kaartjies.co.za is dit 'n gerieflike en probleemvrye ervaring om kaartjies aanlyn te koop. 'n Eenvoudige en intuïtiewe koopvloei sorg dat ouers, leerders en ander besoekers sonder moeite hul sitplekke kan bespreek.
- **Ondersteuning uit die boonste rakke**
  Ons toegewyde navraespan is beskikbaar om vinnig en doeltreffend met enige vrae of probleme te help – of dit nou aan die kant van die organiseerders of kliënte is. Jou span kan met gemoedsrus op ons staatmaak vir tydige ondersteuning.
- **Meer as tien betaalmetodes**
  Kaartjies.co.za is met 'n wye reeks betaalopsies van kredietkaarte tot onmiddellike EFT's geïntegreer, en kan selfs geskenkbewyse akkommodeer. Dit maak dit vir jou gemeenskap maklik om kaartjies te koop op 'n wyse wat hulle verkies.
- **WhatsApp-kaartjieverkope (binnekort beskikbaar)**
  Om dit nóg eenvoudiger te maak, werk ons daaraan om kaartjieverkope binnekort direk via WhatsApp aan te bied. Dit sal jou kliënte in staat stel om kaartjies te koop deur slegs 'n paar boodskappe te stuur.
- **Uitgebreide verkoopsverslae**
  Met ons gedetailleerde en akkurate verkoopsverslae kry jy 'n omvattende oorsig van jou kaartjieverkope. Dié insigte help jou om ingeligte besluite te neem en bied deurlopende monitering van jou geleentheid se sukses.
- **Vloeruitleg en sitplekbespreking**
  Gebruik Kaartjies.co.za se gevorderde stelsel om jou funksie se vloeruitleg op te stel en sitplekke volgens jou plan te verkoop. Dit is uiters handig vir saalkonserte, kultuuraande en selfs sportstadions.

**Waar om te begin:**

- Kontak Kaartjies.co.za vir 'n gratis demonstrasie en om meer oor die kostestruktuur te wete te kom.
- Skep jou geleentheid en laai die beskikbare kaartjies.
- Deel jou kaartjieskakel met jou skoolgemeenskap en sien hoe vinnig die verkope geskied!

## Kontakbesonderhede

**Webtuiste:** www.kaartjies.co.za
**E-posadres:** navrae@kaartjies.co.za

# AFRIFORUM SAKENETWERK

**AfriForum Sakenetwerk is 'n netwerk vir Afrikaanse sakelui en entrepreneurs wat hul beywer vir die groei van gemeenskapsekonomieë deur volhoubare, selfstandige ondernemings.**

## Doelstellings en aksies

Hierdie netwerk skep geleenthede vir Afrikaanse sakelui om volhoubaar te wees deur met mekaar bande te smee en sake te doen ter bevordering van selfstandige gemeenskappe.

AfriForum Sakenetwerk bied reeds sedert 2018 'n entrepreneurskompetisie aan waaraan kinders kan deelneem. Vanaf 2019 staan dit amptelik as Besigheidsbytjies bekend. Lees meer oor dié oulike inisiatief op bladsy 15.

Enige entrepreneur van enige ouderdom wat in Afrikaans sake doen, kan ook hul sakeonderneming op AfriForum Sakenetwerk se gids lys, of aan ons jaarlikse Tinteltong Toekennings (met pryse vir oorspronklikheid in Afrikaans in verskeie kategorieë) en die Entrepreneur van die jaar-kompetisie deelneem.

Dit was nog nooit so belangrik om jong volwassenes te leer om entrepreneurs te word soos nou nie! Entrepreneurskap is nie noodwendig iets waarmee elke persoon gebore word nie, maar dit is iets wat geleer, gevorm en uiteindelik ontwikkel kan word. AfriForum Sakenetwerk werk graag saam met skole om die jeug se potensiaal as entrepreneurs te ontwikkel.

In samewerking met AfriForum se onderwysafdeling bied ons ook entrepreneursopleiding op aanvraag by skole aan. Veral EBW-onderwysers kan hierby baat indien hulle 'n gasaanbieder wil nooi om 'n lesing oor sake- of bemarkingsplanne te kom aanbied.

AfriForum Sakenetwerk is ook opgewonde om aan te kondig dat ons tans 'n aanlyn gids het met meer as 21 000 ondernemings en dat ons in 2025 na plaaslike sakenetwerke sal uitbrei. Die stigting van hierdie netwerke vind in samewerking met AfriForum se gemeenskapstrukture-afdeling plaas.

Die doel van die stigting van plaaslike sakenetwerke is om verskillende ondernemings aan mekaar voor te stel, netwerkverwysingsbemarking te fasiliteer, jou gemeenskap sterker te maak, jou handelsmerk te versterk en verhoudinge met ander ondernemings in jou omgewing op te bou.

Wanneer jou onderneming deel van AfriForum Sakenetwerk word, bied ons jou die volgende voordele:

- Werkswinkels oor temas soos finansies, belasting, operasionele sake, administrasie en bemarking – teen 'n minimale koste vir lede (Akademia is ons vennoot in hierdie geleenthede).
- Aanlyn werkswinkels indien die plaaslike sakenetwerk dit verkies.
- Maandelikse netwerkgeleenthede soos ontbyte, middagetes of aandetes, wat by die maandelikse koste ingesluit is.
- Die jaarlikse Tinteltong Toekennings, wat aangepas sal word om deel te wees van die plaaslike sakenetwerk (dié toekennings erken die beste diens en produkte, met



wennerbepaling deur stemme van die plaaslike netwerk en die publiek).

Die eerste plaaslike sakenetwerke sal in die volgende dorpe en streke gestig word: Bloemfontein (Kimberley), Pretoria, Potchefstroom, Suid-Kaap (George, Mosselbaai en omliggende dorpe), Durbanville, Paarl en Somerset-Wes (Helderberg).

## Kontakbesonderhede

**Webtuiste:** www.afriforumsakenetwerk.co.za
**E-posadres:** netwerk@afriforum.co.za
**Telefoonnommer:** 086 10 200 30
**Sosiale media:** AfriForum Sakenetwerk is beskikbaar op Facebook en Instagram.









# AFRIFORUM TEATER

**AfriForum Teater, wat ons beskryf as dié tuiskomplek vir Afrikaanse kunste, is deel van AfriForum se entiteite binne die AfriForum Beleggingsmaatskappy.**

## Doelstellings en aksies

AfriForum Teater is in 2020 tot stand gebring met die doel om Afrikaanse kunste te bevorder, maar ook om 'n gemeenskapsteater te wees wat 'n professionele platform aan gemeenskappe soos skole, kerke en sakeondernemings bied.

Dit is 'n plek waar opkomende kunstenaars kan ontwikkel en groei, asook waar professionele kunstenaars met gemak vertonings kan aanbied. Voorts kan korporatiewe gemeenskappe sonder moeite konferensies, berade en simposiums in die teater aanbied.

Die teater beskik oor uitstekende klank-, beligtings- en multimediafasiliteite, asook 'n 370-sitplekouditorium. Die ouditorium kan ook omskep word in 'n restaurant of konferensiestyllokaal met 140 sitplekke.

Ons bied spesiale pakkette aan skole met besonder bekostigbare fooie en deurverdelings vir gemeenskapsgeleenthede en -kunstenaars.

Die teater is jaarliks vanaf die middel van Januarie tot en met die middel van Desember werksaam. Besprekings kan vir Woensdae tot Sondae gemaak word, maar spesiale reëlings kan getref word indien die teater op 'n Maandag of Dinsdag benodig word.

### Kontakbesonderhede

**Webtuiste:** www.afriforumteater.co.za
**E-posadres:** teater@afriforum.co.za
**Telefoonnommer:** 066 420 6181
**Sosiale media:** AfriForum Teater is beskikbaar op Facebook en Instagram.










# TEATERFOOIE

## Winsdeling: Skole

Die kaartjie-inkomste word volgens winsdeling (70% vir die skool en 30% vir die teater) verdeel. Geen bykomende huurfooie is betaalbaar nie.

Die skool verkoop kaartjies vir die geleentheid deur die teater se kaartjieplatform. 'n 5,5%-kaartjieplatformfooi word van die skool se kaartjie-inkomste verhaal.

## Ekstra koste beloop soos volg:

- **Repitisiefooie** word soos volg per dag vir elke ses uur of deel daarvan gehef:
  -**Maandag tot Donderdag**: R4 320 (BTW uitgesluit)
  -**Vrydag tot Sondag**: R8 640 (BTW uitgesluit)
- Op **Maandag en Dinsdag** is 'n bykomende **tegniese fooi** van R7 560 (BTW uitgesluit) per dag van toepassing.
- Van **Woensdag tot Sondag** is geen bykomende tegniese fooi van toepassing nie.
- Indien die teater in **restaurantstyl** gepak moet word, is 'n bykomende fooi van R3 240 (BTW uitgesluit) van toepassing vir die skuif van die meubels.

# AFRIFORUMTV

**AfriForumTV is gestig om 'n breë gemeenskap met visuele inhoud te bereik deur vermaak in verskeie genres. AfriForumTV is nuut, modern en beloof om die kyker 'n genotvolle ervaring te bied. AfriForumTV is gratis vir sowel lede as nie-lede en is aanlyn beskikbaar via alle Android-toestelle. Jy kan die toep aflaai en dit is ook beskikbaar vir alle Google Play-gesertifiseerde slim-TV's.**

## Doelstellings en aksies

AfriForumTV se produksieafdeling is uit 'n groepie kreatiewe filmmense saamgestel. Die produksiespan skep nuwe stories en programme in Afrikaans. Hulle is entoesiasties oor hul werk en beskou dit as kuns. Dit is verstommend hoe die produksiepan 'n konsep kan neem en 'n hele film of reeks daaruit kan skep, terwyl hulle tydens die proses soos 'n familie word.

Van vroeë, koue oggende waar die sonsopkoms die mooiste prentjie op film wys, tot waar die redigeerder hierdie beeldmateriaal ná die tyd verpak om 'n storie te lewer: Die span gee lewe aan 'n draaiboek. Akteurs vorm hul karakters en die kostuumontwerpers, grimeer- en haarkunstenaars maak die karakters eg. Die kunsdepartement skep die ruimte vir elke toneel en elke tegniese rolspeler in die produksie maak seker dat hierdie verhaal 'n hartklop het, terwyl die regisseurs hul visie van die konsep na vore bring. Die vervaardigers bring alles bymekaar en maak seker dat alles van begin tot einde volgens plan verloop. Animeerders blaas lewe in getekende prentjies en karakters. Stemme en musiek word bygevoeg om die verhaal te ondersteun.

Die filmbedryf is harde werk, maar dit is ongelooflik bevredigend om 'n suksesvolle eindproduk te lewer, veral as die produksiespan kan sien hoe die kykers die stories en programme geniet. Dit maak alles die moeite werd om hierdie werk passievol uit te leef.

AfriForumTV vat hande met skole om 'n geleentheid te skep waar hulle hul eie kanaal kan hê. Ouers en kinders kan hul skool se inhoud geniet. Hierdie inhoud bestaan uit sport, opedae, kultuuraktiwiteite en geleenthede – en eintlik maar enigiets. AfriForumTV gaan ook meer by die Super 12-byeenkomste betrokke wees sodat ouers na hul kinders kan kyk as hulle nie self daar kan wees nie of later 'n hoogtepuntvideo saam met hul kinders wil kyk. Die Dink of Sink-onvoorbereideskoledebatskompetisies is ook hier beskikbaar. Daar is nog 'n kategorie geskep om onafhanklike filmmakers die geleentheid te bied om hul inhoud op AfriForumTV te plaas. Ons wil graag mense in dié bedryf ook ondersteun.

Sonder jóú is AfriForumTV nie moontlik nie. Word deel van ons familie waar ons lewe in geskrewe draaiboeke en idees blaas.

Teken vandag nog gratis in op AfriForumTV en kyk saam, of kontak ons oor ons dienste.

### Kontakbesonderhede

**Webtuiste:** www.afriforumtv.co.za
**E-posadres:** navrae@afriforumtv.co.za
**Sosiale media:** AfriForumTV is beskikbaar op Facebook, Instagram, X en TikTok.

# BESIGHEIDSBYTJIES- EN JUNIORPRENEURSKOMPETISIE

**Besigheidsbytjies is 'n kompetisie wat aangebied word onder leiding van AfriForum se kultuursakeafdeling en AfriForum Sakenetwerk.**

## Doelstellings en aksies

Die doel van hierdie kompetisies is om jong entrepreneurs van vroeg af te bemagtig. Entrepreneurskap hoef nie 'n aangebore talent te wees nie; dit kan ook geleer, gevorm en uiteindelik ontwikkel word. Dit is juis wat AfriForum met hierdie kompetisie wil bereik.

AfriForum se Besigheidsbytjies- en Juniorpreneurskompetisie sorg verder ook vir die ontwikkeling van sterk leierskapsvaardighede.

Jong volwassenes word aangemoedig om self verantwoordelikheid te neem om hul eie, unieke idees deur innovering om te skakel in iets wat realisties en uitvoerbaar is. Sodoende word hulle aangespoor om 'n positiewe verskil in die samelewing te bewerkstellig deur voorsiening te maak vir 'n noodsaaklike behoefte of begeerte. Ons kinders is die volgende generasie leiers. Hulle moet hoop skep deur reeds van jongs af te werk aan 'n nóg blinker toekoms.

Die kompetisie bestaan uit vier kategorieë, naamlik vir leerders in die grondslagfase (graad 1–3), intersenfase (graad 4–6), senior fase (graad 7–9) en VOO-fase (graad 10–12).

Belangstellendes kan gewoonlik in die eerste helfte van die jaar inskryf om aan die kompetisie deel te neem. Daarna kan die publiek vir hul gunstelingentrepreneur stem. Die publiek se stemme tel 50% van die uiteindelike totaal.

Let wel: Elke persoon kan slegs een keer stem! Uiteindelik word die deelnemers se sakeondernemings deur 'n groep onafhanklike kenners beoordeel, wat dan die wenners van die vier kategorieë bepaal. Die beoordelaars se beoordeling maak die ander 50% van die punte op. Die beoordelaars se beslissing is finaal.

### Kontakbesonderhede

**Webtuiste:** www.besigheidsbytjies.co.za
**E-posadres:** besigheidsbytjies@afriforum.co.za
**Telefoonnommer:** 086 10 200 30
**Sosiale media:** Inligting oor Besigheidsbytjies- en Juniorpreneurskompetisie word geplaas op die Facebook- en Instagram-profiele van AfriForum Sakenetwerk.





# DIE VAL

**#DieValFilm is 'n inisiatief van AfriForum se kultuursakeafdeling en AfriForumTV.**

## Doelstelling en aksies

Dié film vorm deel van AfriForum se teenboelie-en-selfdoodbewusmakingsveldtog, wat spesifiek op hoërskoolleerders gemik is. Die film skep hoop in 'n wêreld waar skoolkinders onder boeliegedrag gebuk gaan.

Die film kan enige tyd gratis via AfriForumTV (www.afriforumtv.co.za) gestroom word en dit word ook op versoek vir hoërskole vertoon as deel van AfriForum se teenboelie-en-selfdoodbewusmakingsveldtog.

### Kontakbesonderhede

**Webtuiste:** www.dievalfilm.co.za
**E-posadres:** onderwys@afriforum.co.za
**Sosiale media:** #DieValFilm is op Facebook en Instagram beskikbaar.











# DIE DINK OF SINK-ONVOORBEREIDESKOLEDEBATSKOMPETISIE

**Die Dink of Sink-onvoorbereideskole-debatskompetisie word deur AfriForum se kultuursakeafdeling aangebied. Tans word die kompetisie op sowel laer- as hoërskool-, en ook op universiteitsvlak aangebied.**

## Doelstelling en aksies

Die kompetisie bied aan leerders die geleentheid om aan Afrikaanse debatvoering deel te neem. Hierdeur bevorder ons die leerders se algemene kennis en ook hul vermoë om op hul voete te kan dink.

Verskeie provinsiale uitdunne vind deur die jaar plaas en die finaal word gewoonlik in Oktober van dieselfde jaar in Pretoria aangebied. Die wenspanne van elke provinsie dring na die finaal deur, waar die uitkloprondtes en die Dink of Sink- nasionale finaal plaasvind om die land se beste onvoorbereide debatteerders aan te wys. Elke wenspan ontvang aanloklike pryse.

Wat die Dink of Sink-onvoorbereide-skoledebatskompetisie anders maak as enige ander debatskompetisie is dat debatteerders nie maande voor die tyd hoef voor te berei nie, maar wel van aktuele sake moet kennis dra, omdat spanne slegs vyf minute voorbereidingstyd kry. Die onderwerpe word spesifiek vir elke provinsie gekies.

Op laerskoolvlak is daar slegs een kategorie, naamlik vir senior leerders (graad 6 en 7).

Op hoërskoolvlak is daar twee kategorieë: een vir junior leerders (graad 8 en 9) en een vir seniors (graad 10 tot 12).

Alle debatte word slegs in Afrikaans gevoer.

Op laer- en hoërskoolvlak vind die loting eerste plaas, waarvolgens die inleidende en opponerende spanne gekies word. Daarna word die onderwerp bekendgemaak en begin die voorbereidingstyd van vyf minute. Die spanne, wat elk uit drie leerders bestaan, moet dan flink dink om die standpunt te verdedig wat hulle toegeval het.

Ons webtuiste www.dinkofsink.co.za sit die formaat van die debatte volledig uiteen.

Die skoledebatskompetisie vind jaarliks tussen April en September by die gasheerskole in elke provinsie plaas. Daar is ses provinsiale uitdunrondtes:

- Limpopo by Hoërskool Ben Vorster.
- Gauteng by Hoërskool Montana.
- Vrystaat by C&N Oranje Meisieskool Sekondêr.
- Oos-Kaap by Hoërskool Framesby.
- Wes-Kaap by Hoërskool DF Malan.
- Mpumalanga by Hoërskool Nelspruit.

Die vraag op almal se lippe is: Hoe berei jy vir die Dink of Sink-onvoorbereideskoledebats-kompetisie voor? Werk deur die formaat van die debat en lees koerante, lees of kyk nuus op die radio, internet of TV – en bly ingelig! Lees gerus die blog op ons webtuiste: "Hoe berei 'n mens voor vir die Dink of Sink-onvoorbereide-skoledebatskompetisie?" Die kompetisiedatums, beoordelaarstaat en inskrywingsvorms is ook daar beskikbaar. Op versoek sal ons graag help om beoordelaars op te lei en werkswinkels vir die debatteerders aan te bied. Skryf jou skool in en word deel van die lekkerste Afrikaanse debatskompetisie in Suid-Afrika, waar ons waarlik die kaf van die koring skei.

### Kontakbesonderhede

**Webtuiste:** www.dinkofsink.co.za
**E-posadres:** debat@afriforum.co.za
**Telefoonnommer:** 072 742 4913




DINK
SINK
DINK
SINK


DINK
SINK






DINK
SINK
DINK
SINK

# MUNISIPALE SAKE

**Plaaslikeregeringsake is deel van AfriForum se gemeenskapsake-afdeling wat deurlopend met navrae oor munisipale kwessies kan help.**

## Fokusareas wat skole aanbetref

- Eiendomskategorieë

AfriForum merk dat munisipaliteite met ’n proses begin om te probeer wegdoen met ’n afsonderlike eiendomskategorie vir onderwysinstellings. Dit sal veroorsaak dat openbare instellings in die kategorie vir openbaredienseiendom aangeslaan word en privaat skole as openbare ondernemings. Die belastingkoerse in dié kategorieë is beduidend hoër en as munisipaliteite daarin slaag om dié verandering deur te voer, sal skole aansienlik meer eiendomsbelasting moet betaal. AfriForum het skole in die Johannesburg-metro in 2022 suksesvol bygestaan om die verandering in die hof te beveg. Skole wat dieselfde gebeure in hul munisipaliteit waarneem, moet ons so gou as moontlik kontak om ondersteuning teen die verandering te kry.

- Munisipale rekeninge

Foutiewe munisipale rekeninge kan tot groot kopseer en kommer vir verbruikers lei, veral wanneer die munisipaliteite dreig om dienslewering te staak totdat die rekening betaal is. Dit is egter nie altyd die verbruiker se skuld nie; daar mag fout met die munisipaliteit se administrasie wees. Artikel 102(2) van die Munisipale Stelselswet 32 van 2000 beskerm die verbruiker. Dit bepaal dat verbruikers dispute oor foutiewe rekeninge by die munisipaliteit kan verklaar. Sodra ’n dispuut verklaar is, lê die verantwoordelikheid by die munisipaliteit om die dispuut op te los. Dit beskerm die verbruiker verder omdat die munisipaliteit geen skuldinvorderingsmeganismes mag instel (soos om die elektrisiteit af te sny) totdat dié dispuut opgelos word nie. Indien die munisipaliteit enige skuldinvorderingsmeganismes instel terwyl die dispuut nog hangend is, kan die verbruiker ’n spoliasie-aansoek voor die hof bring. Dit beteken dat die hof die munisipaliteit dan sal verplig om alle elektrisiteit-en-watervoorsiening te herstel en die dispuut op te los. Skole kan AfriForum kontak indien hulle buitensporige of verkeerde munisipale rekeninge ontvang sodat ons hulle kan help om ’n dispuut te verklaar.

- Munisipale grondgebruikbestuur

Grondgebruikbestuur behels die proses om grondgebruiksregte te verander. Dit sluit onder meer vergunningsgebruik, hersonering, konsolidasie, onderverdeling, dorpstigting en die opheffing van beperkende titelvoorwaardes in.

Dit is primêr een van die take van munisipaliteite om grondgebruike in die bepaalde regsgebied te beheer en te bestuur. Volgens elke munisipaliteit se verordeninge vir ruimtelike beplanning en grondgebruikbestuur (ook bekend as die SPLUMA-verordeninge) is daar bepaalde prosesse wat in alle gevalle gevolg moet word om dié regte te bekom. Indien ’n skool opmerk dat daar ’n ongewenste ontwikkeling in hul omgewing beplan word, kan hulle AfriForum kontak om dit te help teenstaan.

### Kontakbesonderhede

**E-posadres:** morne.mostert@afriforum.co.za

# OMGEWINGSAKE

**Omgewingsake is deel van AfriForum se afdeling vir gemeenskapsake wat aandag aan omgewingskwessies gee.**

## Fokusareas wat skole aanbetref

- Herwinningstasies of -hokkies

Herwinning is 'n groeiende bedryf wat help dat minder rou grondstowwe in die vervaardiging van produkte gebruik word deur grondstowwe uit herwinbare bronne aan vervaardigers te lewer. Dit voorkom ook die onnodige storting van bruikbare materiaal in stortingsterreine en sorg vir 'n mooier omgewing. Herwinning het 'n groot bron van inkomste vir baie Suid-Afrikaners geword. Daar is elke dag herwinbare materiaal wat mense in hul vullissakke gooi en van vergeet. Herwinning het ook 'n groot probleem geraak in sekere dele van die land. Informele herwinners grawe daagliks in asblikke op soek na herwinbare materiaal en veroorsaak terselfdertyd 'n veiligheidsrisiko in woongebiede. Daar was al verskeie voorvalle waar herwinners eiendom betree en gesteel het.

Die rede vir AfriForum se herwinningstasiesprojek is hoofsaaklik om bykomende inkomste vir AfriForum-takke te genereer, asook om misdaad te beveg deur die hoeveelheid mense te verminder wat in die strate rondloop en in asblikke krap. Dit moet deur sowel 'n tak as die gemeenskap aangepak word en beide partye sal daarby baat as hierdie projek sukses behaal. Verder sal die druk op vullisterreine verminder aangesien daar minder vullis in sakke sal wees. AfriForum se Centurion-tak het tans 'n herwinningsprojek vir die oprigting van herwinningstasies by skole.

Die herwinbare produkte word dan deur ons tak se werkers opgelaai en skoongemaak. Die projek is wel tans tot sekere omgewings beperk, maar ons sal dit graag in die toekoms na meer gebiede wil uitbrei. Inligting oor toekomstige projekte sal op AfriForum se webtuiste (www.afriforum.co.za) en sosialemediaplatforms bekendgemaak word.

- Boomplantmaand

AfriForum vier boomplantmaand jaarliks in September. In dié maand word die Suid-Afrikaanse publiek oor die belangrikheid van bome ingelig en aangemoedig om bome te plant as 'n praktiese en simboliese gebaar van volhoubare omgewingsbestuur. In die onseker tye waarin ons leef, is dit belangrik om te weet dat ons die begin van lente – 'n nuwe begin – met só 'n projek kan vier. Om 'n boom te plant gee ons moed vir die toekoms omdat ons plant vir die toekoms. Elke nuwe boom is 'n simbool van groei. AfriForum se takstrukture poog om elke jaar namens die tak bome by skole te plant. Skole wat belangstel om deel van die vierings uit te maak, kan ons gerus kontak.

- Noodwaterpunte

Toegang tot water is 'n basiese mensereg. Gemeenskappe gaan egter toenemend gebuk onder onbeplande en langdurige wateronderbrekings wat veroorsaak word deur swak munisipale bestuur en infrastruktuur wat nie onderhou word nie. Boonop is 'n gebrek aan watervoorsiening en sanitasiedienste ook 'n ontwrigting vir skole en kinders se opvoeding. AfriForum installeer noodwaterpunte om gemeenskappe te ondersteun in hierdie tye wanneer krane vir dae lank leegloop. 'n Noodwaterpunt word gewoonlik op 'n perseel opgerig waar daar 'n bestaande, selfstandige waterbron soos 'n boorgat is, en wat uit een of meer 5 000 liter-watertenks bestaan wat met 'n pomp toegerus word om die tenk(s) met boorgatwater te vul, asook 'n kraan waaruit water getap kan word. Skoolterreine is veral geskik vir die oprigting van noodwaterpunte omdat die toerusting veilig binne die skoolterrein geplaas word. Aan die ander kant word 'n kraan met 'n slimklep toegerus waar dit buite die skoolterrein toegang aan mense bied. Só word inwoners in staat gestel om water maklik en gratis te bekom, en enigiemand kan dit vir huishoudelike doeleindes gebruik.

Noodwaterpunte help ook dat brandbestryders vinnig toegang tot water kan verkry.

Die burgerregteorganisasie het reg oor die land reeds nagenoeg 100 noodwaterpunte met 'n gesamentlike noodkapasiteit van 800 000 liter water opgerig om toegang tot water te verseker wanneer daar watertekorte is. Ons moedig skole aan om ons te kontak as hulle belangstel om in 2025 te help om hierdie netwerk verder uit te brei en só die selfstandigheid van ons gemeenskappe te versterk.

### Kontakbesonderhede

**E-posadres:** lambert.deklerk@afriforum.co.za of marais.devaal@afriforum.co.za



# RAMPBESTUURBEPLANNING

**Rampbestuur vorm deel van AfriForum se gemeenskapsake-afdeling.**

## Doelstelling en aksies

Rampbestuur fokus op ramprisiko's. Dit is 'n aaneenlopende proses wat in vier fases ingedeel word, naamlik:

- versagting
- paraatheid
- reaksie
- herstel

Die Rampbestuurswet 57 van 2002 is rigtinggewend vir die drie regeringsfere van rampbestuursbeplanning, naamlik voorkoming, gereedheid (proaktief), asook reaksie en herstel (reaktief).

Omdat rampe gewoonlik onverwags gebeur, is dit noodsaaklik dat skole en leerders weet wat elkeen voor, tydens en ná 'n ramp of noodsituasie moet doen. Ons stel die volgende stappe voor wat skole kan volg om op enige ramp voorbereid te wees:

- Doen 'n risiko-ontleding.
- Stel 'n gebeurlikheidsplan op.
- Lei onderwysers en leerders in gebeurlikheidsbeplanning en -prosedures op.
- Oefen die gebeurlikheidsplan in.
- Sorg dat die skool oor toerusting soos noodhulptassies en brandblussers beskik.
- Vestig doeltreffende kommunikasiekanale.

Wanneer 'n skool die risiko-ontleding en gebeurlikheidsbeplanning doen, is dit 'n ideale geleentheid om leerders weerbaar te maak vir wanneer daar 'n insident of ramp by die skool of huis sou plaasvind. Hier volg enkele voorstelle wat kan help om leerders weerbaar te maak:

- Gee opleiding oor moontlike risiko's.
- Bespreek die skool se gebeurlikheidsplan met leerders en moedig hulle aan om ook by die huis 'n gesinsnoodplan te hê.
- Oefen die planne in.
- Leer basiese oorlewingsvaardighede soos hoe om water te suiwer, skuilings te bou en basiese noodhulp toe te pas.
- Moedig die leerders aan om vrae te vra.
- Verskaf emosionele ondersteuning.

AfriForum se rampbestuursafdeling kan van hulp wees met die risiko-ontleding, opstel van gebeurlikheidsplanne en ongeakkrediteerde opleiding vir onderwysers en leerders.

### Kontakbesonderhede

**E-posadres:** tarien.cooks@afriforum.co.za
**Telefoonnommer:** 086 10 200 30 (bylyn 530) of 081 567 4802

# TEENBOELIEVELDTOG

**AfriForum se teenboelieveldtog is deel van AfriForum se kultuursakeafdeling.**

## Doelstellings en aksies

AfriForum se teenboelieveldtogspan bestaan sedert 2017 met die doel om boeliegedrag in skole hok te slaan. Ons het reeds 265 skole, 209 327 leerders, 10 236 onderwysers en 2 500 ouers reg oor die land oor boeliery en die impak daarvan toegespreek. Dit sluit praatjies by laer- en hoërskole in, asook die #EkIsWondermeisie-praatjie in samewerking met Solidariteit Helpende Hand om skooldogters te bemagtig.

Ons bou deur hoop te skep en sowel skole as gemeenskappe met die nodige kennis en vaardighede toe te rus om boeliery hok te slaan.

Veilige skole sorg vir veilige gemeenskappe – nie net nou nie, maar ook in die toekoms.

Belangstellende skole kan deel van die oplossing word en saam met AfriForum hoop skep deur proaktief op te tree. Saam kan ons sorg vir vry, veilige en voorspoedige skole en gemeenskappe.

Die teenboelieprojek vind deurlopend plaas en skole moet vroegtydig met AfriForum ’n datum vir ’n aanbieding bespreek om teleurstelling te voorkom. Dit kan spesifiek vir leerders, ouers en/of onderwyspersoneel aangebied word.

### Kontakbesonderhede

**E-posadres:** boelie@afriforum.co.za






# VEILIGHEIDSOUDITS

**Veiligheidsoudits word deur AfriForum se gemeenskapsveiligheidafdeling onderneem.**

## Doelstelling en aksies

AfriForum is besorg oor die toenemende voorkoms van openbare wanorde, protes en geweld by skole wat die onderrig en veiligheid van leerders ontwrig en skade aan die infrastruktuur kan aanrig. Die basiese reg op onderwys en 'n veilige omgewing word hierdeur ondermyn.

Ons besef dat onderwysers se eerste en belangrikste roeping is om leerders se ontwikkeling te verseker, en nie om politieke oproer of ander gebeurlikhede te hanteer nie. In die verlede het die staat sy verantwoordelikheid ten opsigte van die beveiliging van skole en gemeenskappe nagekom en dit was nie nodig vir onderwysers, ouers en ander instansies om skole te beveilig nie.

AfriForum wil skole deur middel van veiligheidsoudits bemagtig om proaktief op te tree. Ons kan skole ondersteun deur risiko's te identifiseer wat die veiligheid van die skool, personeel en leerders bedreig. Sodoende kan die skool maatreëls in plek stel om die veiligheid van almal op die skoolterrein te verseker en sover moontlik die skool se infrastruktuur te beveilig.

Kontak dus AfriForum se gemeenskapsveiligheidafdeling om jou skool met veiligheidsoudits behulpsaam te wees. Ons het ook 'n gids opgestel wat gratis op aanvraag aan skole beskikbaar gestel kan word indien hulle verkies om self so 'n oudit te onderneem. Kontak ons gerus as jy dié gids benodig.

### Kontakbesonderhede

**E-posadres:** veiligheid@afriforum.co.za
**Telefoonnommer:** 086 10 200 30






# MSW ONDERSTEUNINGSDIENSTE (EDMS.) BPK.

**MSW Ondersteuningsdienste bied ’n oplossing aan maatskappye sonder winsoogmerk, skole, klubs en enige ander instellings of organisasies met ondersteuners om ’n bykomende en volhoubare inkomstestroom te skep.**

Ons produk kan skole spesifiek ondersteun om die skool se alumni-inligting in ’n skoleondersteunersdatabasis te omskep wat finansieel tot ’n onafhanklike fonds vir die skool kan bydra.

## Kontakbesonderhede

**E-posadres:** bemarking@mswondersteuningsdienste.co.za
**Telefoonnommer:** 0861 787 282

MSW Ondersteuningsdienste
NPO Support Services

# Ondersteun dié wat vir ander omgee

**MSW Ondersteuningsdienste (Edms.) Bpk.** is deur AfriForum en StratCol gestig om hul goed gestruktureerde, gevestigde en suksesvolle model aan ander maatskappye sonder winsoogmerk (MSW's) beskikbaar te stel.

Ons doelwit is om MSW's in staat te stel om te voldoen aan die behoeftes van die gemeenskappe en sakeondernemings wat hulle ondersteun.

## Ons ondersteuningsdiente sluit in:

- bemarkingstrategie
- fondsinsamelingstrategie
- debietorder- en kredietkaartbetalingsfasiliteite
- voogdyskap
- bestuurstelsel
- oproepsentrumbestuurstelsel

Kontak ons gerus by **0861 787 282** of **bemarking@mswondersteuningsdienste.co.za**.

STRATCOL 20yrs debit orders

AfriForum